N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 18

1 Mei 2022

Aanbidding van God

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens Sy besluit geroep is. Rom 8:28

Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. 1 Joh 3:2

Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het Sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. 1 Joh 3:16

'n Ark van veiligheid

Terwyl die Apostel Paulus 'n gevangene was, is hy per skip na Rome geneem om voor die keiser te verskyn. Die skip is deur 'n storm getref en vernietig. Deur hierdie verhaal te lees kry ons insig in 'n getroue God. Vanselfsprekend kon baie van die passasiers swem, maar van diegene sonder reddingstoestelle sê die Skrif: 'Die ander moes dan volg deur aan planke en ander wrakstukke vas te klou. Op hierdie manier het almal veilig aan land gekom' Hand 27:44
Toe die skip verpletter is en die golwe oor die koppe van dié wat in die water was, breek, was daar stukke van die skip, planke en luike waaraan hulle kon vasklou, wat hulle laat dryf het totdat hulle die kus bereik het.
Selfs in die stormagtigste tye sal God altyd iets voorsien waaraan ons kan vasklou. Dit is hoe Hy is. Hy belowe iets van veiligheid te midde van ons storms bied, letterlik 'n ark van veiligheid deur Sy Seun. – Wellington Boone

Dankie!

- **Dat ons verborge is in Christus!**
- **Dat God Sy liefde vir ons kom wys het deur Sy geliefde Seun!**
- **Dat ons kan liefhê omdat God ons eerste liefgehad het.**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die Ukraine en Rusland situasie… Vra die Heilige Gees om jou te lei. Ook vir die lande wat onder groot druk verkeer in hantering van vlugtelinge…, maar ook beskerming van die vlugtelinge teen uitbuiting.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing en herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir die nabyheid van die Here en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – tuis. Vir spoedige en algehele herstel.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Lettie Koekemoer – vir die nabyheid van die Here.
- Christa de Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Gerhard Louw – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.

.

Gedagte vir die week:

Net so seker as wat God se kinders ook in die vuuroond beland, net so seker is Hy daarbinne by hulle. Charles H Spurgeon.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org